# STROOM-OP

AFRIKAANSE HOËR SEUNSKOOL
AFRIKAANSE HOËR MEISIESKOOL
Tweede Kwartaal 1992


# Duidelik in 'n ander Klas!

**Op hul eie bereik die Afrikaanse Hoër Meisie- en Seunskool meer as die gemiddelde skool, maar gesamentlik is hulle absoluut onoortreflik!!!**

**Foto's en berig deur — Anina Boshoff**



*Die senior lede van die Affiekore is voor (vlnr): Debra, SJ en Corlie. 2de ry: Johan, Luré, Conri, 3e ry: Jeané Ankia, Tania, Therese en agter: Mnr D du Plessis, mev E Kruger en Robert.*

Hierdie stelling is gedurende die afgelope paar jaar dubbel en dwars op die tennisbaan, die atletiekveld en op sosiale vlak bewys.

Die jongste slag is egter deur die twee Affiekore geslaan.

Tydens vanjaar se **Applouskoorkompetisie** het die meisieskoor in die hóógste afdeling die hóógste lof ontvang. Die cum-laude-toekenning word gemaak aan kore wat aan internasionale standaarde voldoen en span sekerlik die kroon op agt jaar se harde werk onder leiding van **mev Elmi Krüger.** In hierdie tydperk, wat 'n aanloop vir die koor se mees onlangse prestasies gevorm het, hulle al verskeie kere goue toekennings van die **ATKB** ontvang, die **Direkteurstrofee** gewen en hul veelsydigheid gewys deur ook twee bekronings by die **FAK ligte-musiekfeeste** te ontvang.

Die meisieskoor kan as 'n gevestigde koor beskou word. Die seunskoor, daarenteen, is skaars twee jaar oud, maar het hulleself ook reeds deeglik laat geld.

Hulle is met groot entoesiasme oral ontvang en selfs geharde verslaggewers het die seunskoor verlede jaar in die pers lof toegeswaai. Uitnodigings na gesogte geleenthede het nie agterweë gebly nie. Die koor, onder leiding van mnr Deon du Plessis, ontvang tydens dieselfde Applous-kompetisie 'n goue toekenning in die afdeling vir onervare kore. Hulle word ook saam met die meisieskoor gekies om Transvaal op nasionale vlak te verteenwoordig by die Galakonsert in Bloemfontein.

Vir die **Direkteurstrofee** is die twee kore se volgende mikpunt: as alles vlot verloop, kan dié twee kore tydens hierdie geleentheid amptelik bewys dat hulle die beste kore in Transvaal is.

Intussen sing die kore vir die genot in kerke en by koorfeeste. Gedurende die eerste termyn is die kore na die feeste van Waterkloof en Menlopark genooi om het hulle ook aan Seunshoër se eerste eie fees deelgeneem.

Koorsang is 'n wonderlike ambassadeursport en groot lof kom dié twee kore toe wat op hierdie gebied die pas onder Pretoria-skole aangee en Affies se naam hoog hou!

# Rockspiders trap Galpille


**— Charl de Klerk**

**Saterdag, 6 Junie 1992 is 'n 69 jaar oue tradisie voortgesit toe Affies die 84ste wedstryd tussen die "Rockspiders" en "Galpille" gewen het.**

Affies het 19-10 geseëvier in 'n uiters spannende wedstryd, nadat Affies rustyd 0-10 agter was. AHS loop nou voor in die stryd van 64 wedstryde, deurdat ons nou 3 wedstryde meer gewen het as Boys High.

Sedert 1923 speel dié twee skole nog elke jaar teen mekaar, behalwe in 1944 as gevolg van die oorlog en 1957 as gevolg van 'n griep-epidemie. Affies se grootste oorwinning was in 1978 met die telling 36-3 en Boys' High s'n in 1943 toe hulle met 'n telling van 19-0 geseëvier het.

In die toekoms sal ons maar altyd beïnvloed word deur statistiek en die pers, maar die boere se "Affie-guts", aan hierdie kant van die treinspoor, het alreeds 'n permanente merk gelaat.



*Die Koormatrieks saam met Juffrou Elmi!*


# Nuwe adjunk-hoof

## — Mnr D du Plessis —

**Mnr Deon du Plessis (B.Sc. (Hons.) M.Ed.) is die Afrikaanse Hoër Seunskool se nuwe adjunk-hoof. Hy is 'n Natuur- en Skeikunde en Biologie onderwyser, maar ook die koorleier wat groot lof inoes vir die skool met die groep sangers.**

Hy is self ook 'n sanger van formaat en het die Pieter Grabe-beurs vir oorsese studie gewen.

Die reeds bekende en suksesvolle Dramuk-aande kan ook voor die dinamiese man se deur gelê word. Ons het hom as 'n lojale Affie leer ken — iemand wie jy oral langs die veld sal aantref, altyd besig om aan te moedig.



*Die blou-WIT-bulle! Agter verskyn vlnr: Renier Volschenk (A-span), Pieter de Jager (B-span), Trevor Jobe (B-span). Voor vlnr: JP du Plooy (A-span), Dirkie Strydom (A-span) en Bernard Odendaal (B-span).*

# Binne:





*Bladsy 3*






*Bladsy 7*


*Bladsy 12*






*Bladsy 4*

# Die st nege "English Poetry Evening"

Franél le Grange

**Die st nege "English Poetry Evening" het vanjaar op Vrydagaand, 26 Mei, plaasgevind. Op die program was die agt finalisgroepe se aanbiedinge, asook die produksie van die Engelse toneelgroep van 1992.**



*Die wengroep in aksie.*

Die aand het voldoen aan al die verwagtinge. Ons beoordelaars, die Matrieks (lede van verledejaar se wengroepe), het deftig gelyk agter die beoordelaarstafel, die gehoor het gemaklik agteroorgesit en die deelnemers agter die gordyne was opgewonde en gespanne.

Die program was uiteenlopend en interessant. Spesiale effekte, rookbomme, fluoresserende ligte en fyn afwerking het bygedra om die aand 'n professionele kleur te gee. Elke aanbieding het ook 'n unieke boodskap oorgedra.

Na pouse was die toneelgroep met "A different kind of woman" op die verhoog. Alhoewel die "snow wolf cub" effens probleme veroorsaak het, was die opvoering 'n groot sukses.

Die beoordelaars se repliek teen die einde was sinvol en leersaam. Hulle het bewys dat hulle die geëerde taak waardig was. Dit kon beslis nie maklik gewees het nie!

Almal wat 'n deel gehad het aan die aand, verdien 'n groot gelukwensing. Poësie het gepraat, mense laat lag, ander laat dink en selfs 'n paar trane in sommige se oë gebring. Ons kan terugkyk op 'n suksesvol poësieprojek 1992.

# Projek "Sosialisering"

**Die doel van 'n prefek is om dissipline te handhaaf en na allerhande organisasies en instansies om te sien. Hierdie jaar was die prefekte se eindbestemming en doel sosialisering.**

Volgens die Matrieks is daar die ander jare nooit genoeg skakeling tussen die twee skole nie. Daar is ook besluit dat daar hierdie jaar iets daaraan gedoen moet word. Hoe dan anders? Die hoofseun het dan sulke goeie betrekkinge met die Meisieskool en die hoofmeisie... nou ja, die hoofmeisie...

Die standerd sesse is sommer gou tydens hulle sosiaal geleer hoe om kennis te maak met die teenoorgestelde geslag. 'n Kort rukkie daarna is die eerste Affie-sosiaal by die Meisieskool gehou. Dit was so suksesvol dat tot die Parkies, Klofies, Boys High-ouens, ens. deel wou wees van ons skakeling. Dit laat 'n mens dink né?

Die twee leerlingrade is ook in saalperiode aan die onderskeie skole voorgestel. By die meisies het SJ die geleentheid gehad om kennis te maak met 'n gordyn wat op die verkeerde tyd wou toegaan. By die seuns het Annie kennis gemaak met dr Edwards en 'n klomp seuns wat NIE op die verkeerde tyd wou toegaan nie.

## Ses-nasie samesprekings by Affies!

Anina Boshoff

**Nie eers vyf-nasierugby kan vergelyk met die ses-nasiebreinskrum wat op 7 Mei by AHM plaasgevind het nie!**



As verteenwoordigers van die Afrikaner, het nege Affie-meisies hulle gemoedere vir gesprek met jong Jode, Sotho's, Indiërs en Engelse oopgestel. Vir bykans drie ure is daar gesels oor kultuurverskille en — ooreenkomste, uitgevra oor interessanthede en is voorstelle vir môre gemaak.

Ons het gou geleer dat Suid-Afrika se hoop in sy godsdiensvastheid lê. Al verskil die verskeie volkere se gelowe, beoefen 99% van ons land se bevolking godsdienste wat op vrede en samewerking gerig is. As elkeen dus net sy geloof uitleef, kan ons die skaduwee van vrees oor die toekoms lig!

"Nkosi Sikelele i Afrika!"

Nietemin sosialiseer die prefekte nog onderling en bespreek dan... alles behalwe skoolbelange!




# *Redenaarsfees 1992!*

Ria Potgieter

**In die (vertaalde!) woorde van Henry, die vierde: "Spreek of sterf!" Dié gedagte het seker by 'n paar Affies opgekom voor die redenaarskompetisie. In die gemoed van ander het daar dalk selfs "Spreek en sterf!" opgekom, maar uiteindelik het die Affies hulle sê gesê! Al die spanne het uitstekend gevaar!**



Op 29 April is die prysuitdeling van die 1992 Redenaarsfees gehou. Die fees is gereël deur die Suid-Afrikaanse Gilde vir Spraak- en Drama-onderwysers. Na die verwelkoming en toespraak deur die gasspreker, het AHM se junior tweetalige span as demonstrasiespan opgetree. Die oorhandigings het hierna gevolg.

Van die twaalf trofeë wat aan spanredenaars toegeken word, het AHM vyf verower. Daar is bereken dat meer as 'n duisend leerlinge aan die kompetisie deelgeneem het. Baie geluk aan die volgende spanne:

St 7 (Engels): SAGSDT-trofee.

St 8 (Engels): Carol Mogg-trofee.

St 8 (Afrikaans): Helen du Toit-trofee.

St 9 (Afrikaans): Rina Loader-trofee (die trofee is met Voortrekkerhoogte gedeel).

Junior tweetalige span: Louise Lachenicht-trofee.

Ons is ook baie trots op Therese Westhof wat Affies se naam hoog gehou het, deur (ten spyte van uiters gedugte mededinging) as naaswenner in die Tweetalige beste spreker-afdeling aangewys te word.

Vir die Affies was hierdie 'n groot-glimlag-geleentheid. Affie-entoesiasme en inisiatief het weereens geseëvier. Dit sou egter nie moontlik gewees het sonder die kundigheid, hulp en ondersteuning van ons onderwyseresse nie. Sonder hulle sou die Affies nie met soveel grasie en glans uit die stryd kon tree nie!

# Lunsklip '92


Corlie Schumann

**"Ou Liep lê lekker op Grootklip en kiep**
**hy het probeer om 'n das te skiet,**
**maar die luiperd het gekom en die das verjaag**
**en nou lê buitegroep en balke saag**
**o stuur ons net 'n noodweerlid**
**ons braai hom oor ons eie spit..."**

**Dit was maar een van die versies van die beroemde-berugte buitegroeplied. Om vir elf dae sonder kos tussen stof, gras en 'n luiperd te leef, dryf 'n mens soms om nogal eienaardig te begin optree. Die afgelope Aprilvakansie het twaalf meisies en twaalf seuns lekker "bos gegaan" op die terrein van die Percy Fyfe-natuurreservaat. Die Affies onder hulle was Anina Boshoff, Carina van der Walt, Corlie Schumann, Etienne Steyn, Gert Jacobs en Louis Lubbe. Dan was daar ook hulle groot vyande, Willem Burger en Deidre Plews, wat aan die noodweergroep behoort het en wat die kamp moes beskerm teen die buitegroep. Petra Kelder was 'n Bio-Alfalid, Heidi Venter 'n bobaasspysenier en Johan Swanepoel het vir gees onder die kernkinders gesorg!**

**Hoogtepunte was:**

- **as buitegroep proteïne of 'n noodweerlid gevang het**
- **'n televisiespan wat gesukkel het om by hulle skuilings uit te kom**
- **die aanval op die kamp**
- **as Louis die dag besluit het hy gaan jag**
- **toe noodweer besluit het om die veld aan die brand te steek!**
- **as iemand 'n pakkie sigarette, of dalk 'n blikkie kondensmelk, in die veld verloor het...**



**Lunsklip se selfbehoudkamp was werklik 'n belewenis in die ware sin van die woord. Dit was 'n avontuur vir elkeen op sy of haar gebied. Of jy nou 'n omroeper was van Radio Lunsklip, besig was om voor te berei vir 'n dinee, bang was vir 'n aanval van buitegroep, vure doodgeslaan het, of sommer net lekker natgereën het op Grootklip, Lunsklip sal altyd 'n kamp na aan elkeen wat dit beleef het, se hart bly!**



*Buitegroep kan julle 'n les leer oor hoe om "cool" en "mean" te lyk!*

## Hoofleiers-wageksamen

**Die Hoofleierswageksamen word landswyd afgelê. Dit is 'n uitdaging om hierdie eksamen af te lê, want dit handel oor al die werk wat 'n Voortrekker as verkenner geleer het. Verder moet 'n mens ook beskik oor kennis van "sake van die dag" en 'n standpunt oor aktuele sake kan inneem.**

Affies wens graag die volgende leerlinge geluk met hulle Hoofleierswagtoekenning: Anina Boshoff, Petra Kelder, Deidre Plews, Corlie Schumann, Antoinette Schmikl, Carina van der Walt, Andoré Theron, Heidi Venter, Willem Burger, Louis Lubbe en Etienne Steyn.

# 'n Geëerde Besoeker

## Mnr JDV Terblanche

**Op Vrydag, 27 April was die Affies bevoorreg om mnr JDV Terblanche te verwelkom. Hy was die vierde hoof van die Afrikaanse Hoër Seunskool (1970-1973) en is tans die Superintendent-generaal van die Departement van Onderwys en Kultuur.**

Van meet af aan was dit duidelik waarom mnr Terblanche so 'n hoog aangeskrewe spreker is. Almal het aan sy lippe gehang en elkeen kon 'n kosbare kleinnood uit sy toespraak hul eie maak.

Dit was 'n riem onder die hart om te weet dat hierdie grootse figuur Affies so hoog aanskryf en met liefde en deernis bejeen. Terselfdertyd was dit 'n openbaring om te besef dat die Affies van destyds en vandag dieselfde is, manne uit een stuk wat erken as hul drooggemaak het.

Mnr Terblanche het op treffende wyse hulde gebring aan die onderwysers, leerlinge en ouers wat Affies so 'n besondere skool gemaak het. Die Affie-ouers is beskryf as mense wat net die beste vir hul kinders wil hê en alles sal gee om dit te bereik. Die vriendelikste, ondersteunendste ouers in die hele land.

Mnr Terblanche het ook hulde gebring aan legendariese onderwysers soos mnre Bosuea en Van der Westhuizen en tant An van Tonder en daarop gewys dat Affies van die heel beste onderwysers trek. Ook Solomon en Wilson wat die skool so getrou dien, is nie vergeet nie.

Net soos vandag, is daar in die vroeë sewentigerjare ook baie gelag en gehuil. Mnr Terblanche het op sy kenmerkende wyse beskryf hoe Affietradisies soos die Ideale Affie en Katvoet Corner ontstaan het, hoe Affies destyds al 'n tradisie daarvan gemaak het om in die doodsnikke te wen.

Die seuns het ook gehoor van operette-"dames" wat sokker speel en hoe daar mielies en sonneblomme in plaas van gras op die rugbyvelde geplant is. Dat mnr Terblanche 'n kenner van Affies is, blyk ook duidelik uit sy opsomming van die seuns.

Volgens hom is hulle nie engeltjies nie, maar hulle ken die onderskeid tussen ondeund en gesonde kattekwaad aan die eenkant en banaliteit en swak smaak aan die anderkant. Hulle is manne in die ware sin van die woord.

Jy kan op 'n Affie staatmaak, veral as dinge begin moeilik raak. Hy het ook daarop gewys dat alles net afhang van die gees, van die saamstaan, van die eie belang opsyskuif en die skool eerste stel.

Mnr Terblanche het afgesluit deur die matrikulante op hul groot taak as voorlopers in die skool te wys. As hulle die voorbeeld stel en die Affies waardig bly aan die vertroue in hulle gestel, sal die Afrikaanse Hoër Seunskool steeds 'n moeitewerd skool bly.



*Die hoofdegroep saam met mnr JDV Terblanche, vlnr: Mnre D Swan, C Krüger, L Myburgh, mev M Coetsee, mnre J Visagie en JDV Terblanche, mev T le Roux, dr P Edwards (hoof) en mnr D du Plessis.*

# Olimpiades

Richard Franklin

**Die afgelope kwartaal het menige Affies hulle kennis getoets aan verskeie olimpiades wat landwyd geskryf is. Daar is gespook met die Ou-Mutual Wiskunde olimpiade, Afrikaans-olimpiade, Geskiedenis-olimpiade en die Rekenaar-olimpiade.**

**Ou-Mutual Wiskunde olimpiade**

Dié olimpiade, wat vanjaar deur leerlinge van st 6 tot 10 geskryf is, was deur min of meer 50 leerlinge aangedurf. Ses leerlinge het goed presteer en deurgedring na die tweede ronde wat op 6 Junie geskryf is. Hulle is: Anton Gildenhuys, Jan-Hendrik Kruger, Paul Potgieter, Richard Franklin, Theo van Wyk en Jac Joubert. Die uitslae van die tweede ronde is nog nie bekend gemaak nie.

**Afrikaans-olimpiade**

Op 20 Mei het 26 Affies van st 6 tot st 10 deelgeneem aan die jaarlikse Afrikaans-olimpiade. Die uitslae verwag ons later.


**Rekeningkunde-olimpiade**

Slegs 16 st 10-leerlinge het op 13 Mei probeer om hierdie olimpiade se vrae op te los. Ook hier is die uitslae onbekend.

**Rekenaar-olimpiade**

Min of meer 20 leerlinge het op 24 Maart probeer om die vyf probleme van die Rekenaarolimpiade in 'n rekenaartaal te kodeer. Hoewel baie slegs ondervinding opgedoen het, het ander leerlinge goed presteer. In ons skool het Lourens van den Berg die beste presteer, met Richard Franklin in die tweede plek.

Ons sien uit na die Geskiedenis-olimpiade en die Tweetaligheidseksamen wat nog geskryf moet word.



*Olimpiade wenners: Richard Franklin, Theo van Wyk, Anton Gildenhuys. Paul Potgieter en Jac Joubert wil nie graag afgeneem word nie!*

# Orkes wei nuwe instrumente in!

**Op 22 Mei 1992 het mnr Jordaan en die dertig seuns van die Kadetorkes na Kamp Reinhard naby die Roodeplaatdam vertrek.**

Hulle het die instrumentoefening met ywer aangepak saam met hul afrigter, oom Koos Bronkhorst, van die Suid-Afrikaanse Polisie. Die rede van die ywerige aanpak van die taak, was miskien omdat hulle nuwe instrumente ontvang het.

Hulle het hard geoefen en het gesukkel met die nuwe instrumente en musiekstukke. Maar tussen al die harde geoefenery, was daar ook kans om te eet. Hulle wil baie dankie sê vir die lekker kos wat deur "Tannie De Kock" en "Tannie Shades" voorberei is.

En dan was daar ook Williams se kata.

Mmmpfff.

# Koning van Wat?

— Wimpie Pieterse

**Anton Gildenhuys is Affies se rugby-vonds van die jaar. Hierdie relatief onbekende blits, het in vyf jaar van die o/13-B mede-noodhulpassistent tot die eerstespan hoof noodhulp-assistent gevorder. Dit was egter eers vroeg in hierdie jaar wat Anton se uitstekende balvaardigheid ontdek is.**

Een liggaamlike opvoedingsperiode, het 'n matrikulantklas die onderwyser omgepraat om vir 'n verandering nie gimnastiek te doen nie, maar "raakrugby" te speel. Wonder bo wonder stem die ou toe sommer in, en voor jy kon sê "rugbybal", is twee spanne gekies. Sonder om doekies om te draai, kry die een span die bal sommer dadelik by hulle vleuel. Teen die verwagtinge in, is dit nie 'n spoedvark nie, maar Affies se top wiskunde student: Anton! 'n Gekwadreerde fop-aangee hier, en 'n differensiërende binne-swenk daar, en voor jy jou oë uitvee, klop Anton sy man, en pyl op die winkende doellyn af! Ongelukkig het die verdedigende span met uitmuntende kruisverdediging die drie voorkom.


Dit was die begin van Anton se pad op, of sal ons sê, in die afgrond in: net een of twee weke later raak die tyd ryp vir die wiskunde-kwartaaltoets. Van 'n eens onberispelike gemiddelde van 100%, het Anton se punte met 20% — 30% gedaal! Gerugte het dit dat Anton die middag voor die toets sy skepskoppe in plaas van sy logaritmes geoefen het! Dit bewys weereens die beroemde woorde van die filosoof Antrubieus: "As jy goed op wiskundige gebied is, moenie aan 'n rugbybal raak nie! Jou breinkapasiteit sal kwyn!"

*Stroom-Op teken verskoning aan vir die foutbesaaide Duitse berig van die eerste kwartaal. Ook aan Charl de Klerk, wie se goeie berig gekend geplaas is!*

*Jammer, die drukkersduiwel is nie Duits magtig nie!*



*Anton Gildenhuys, Top Senior Akademiese presteerder.*



*Arrie Kuys, Top junior Akademiese presteerder.*

**Oud-Leerlingbond**
**BMW Motorkompetisie**
**Wenner:**
*Mnr CA Basson, Worcester*


# Debat

**— Nico Barnard**

**Op 9 Mei het ses van Affies se leerlinge aan die jaarlikse Junior Rapportryers Debatskompetisie deelgeneem.**

Die standerd agt span het bestaan uit A du Plessis en M van Schalkwyk, die standerd nege span was P Lombard en C Stander en die matriekspan was J Nel en N Barnard.

Die onderwerp: "Die minimum ouderdom waarop 'n motorvoertuig bestuurslisensie verkry kan word moet verlaag word." Al drie die spanne het hulle onderskeie debatte gewen en die matriekspan het deurgedring om op 27 Junie aan die semi-finaal van die kompetisie deel te neem.



# Johan Nel

*— Wenner van die Drama- en Spraakgilde Noord-Transvaal redenaarskompetisie.*
*— Wenner ATKB Noord-Transvaalstreek, volgende uitdunronde 1 Augustus 1992.*
*— Saam met Nico Barnard, wenner van die eerste uitdunronde, Junior Rapportryer-Debatskompetisie, volgende uitdunronde 26 en 27 Junie 1992.*

# Ons groet

Ons groet mev Tersia Grobler wat meer as ses jaar in Affies se lief en leed gedeel het. Haar aansteeklike lag het gemaak dat sy 'n warm plekkie in die Affie-harte oopgelag het.



# Ons verwelkom

Ons verwelkom mev Elmarié Theron ons nuwe telefoniste. Sy wil graag in haar voorganger se voetspore volg.

Affies glo egter die vriendelike vrou kan maar haar eie skoene volstaan. Sy het ook reeds in die Affie-harte haar plekkie.




**Affie Afrikaans-olimpiade om Afrikaans te bevorder en woordeskat te toets**

*Veral karaktereienskappe, beroepe en studierigtings)*

Die hele skool sal gedurende 'n bepaalde lesuur skryf!

**Pryse: trofeë en 'n studiebeurs**

# Oud-Affie van die Kwartaal



## Fransjohan Pretorius

**Fransjohan Pretorius is medeprofessor in geskiedenis en kultuurgeskiedenis aan die Universiteit van Pretoria.**

Hy is op 25 Januarie 1949 in Johannesburg gebore. In 1966 matrikuleer hy aan die Afrikaanse Hoër Seunskool in Pretoria. In sy matriekjaar het hy die John Vorster-boekprys vir die beste Affie in geskiedenis ontvang. Hy was van standerd agt tot matriek die skool se landloopkaptein en Noord-Transvaal skole-kampioen en hou nog die skool se rekord in die een myl, en was in sy matriekjaar derde op die Suid-Afrikaanse atletiekkampioenskappe in die een myl.

In sy matriekjaar het hy trouens ook lid van die Noord-Transvaal Senior Atletiekspan en het kleure verwerf.

Aan die Universiteit van Pretoria behaal hy die grade BA met hoofvakke Grieks, Latyn en Geskiedenis (met lof), 1969, BA (Hons.), 1971 en MA (met lof), 1976.

Hy studeer met 'n beurs van die Nederlandse Regering aan die Rijksuniversiteit van Leiden, waar hy in Januarie 1976 die doktorale eksamen (Drs Litt.) in geskiedenis suksesvol aflê. In 1976 word hy as lektor in geskiedenis aan die Universiteit van Suid-Afrika aangestel. In 1989 behaal hy sy doktorsgraad in geskiedenis aan die Universiteit van Suid-Afrika. In dieselfde jaar is hy in die Departement Geskiedenis en Kultuurgeskiedenis aan die Universiteit van Pretoria aangestel. Sedert die begin van hierdie jaar is hy medeprofessor by Tukkies.

Sy MA-verhandeling oor genl Christiaan de Wet, tydens die Anglo-Boereoorlog is in 1976 gepubliseer. Verder het hy meer as veertig artikels en hoofstukke in boeke geskryf, meestal oor die Anglo-Boereoorlog, wat onder meer insluit: **Die Anglo-Boereoorlog, 1899 — 1902.** (hierdie werk is ook in Engels vertaal). Sy belangrikste boek is sy doktorsgraad wat in 1991 by Human & Rosseau gepubliseer is en waarvoor hy vanjaar die Recht Malanprys vir die beste nie-fiksie boek van 1991 ontvang het. Die titel daarvan is **Kommandolewe tydens die Anglo-Boereoorlog 1899 — 1902.**

Prof Pretorius is in 1984 met Laurette Rolfes getroud. Sy is 'n medeprofessor in Rekenaarwetenskap aan die Universiteit van Suid-Afrika. Hulle kinderspannetjie bestaan uit Laurette, Nicolaas en Hermann, wat nog in hulle kleuteren babaskoene is.

Prof Pretorius se uiters vol program laat weinig tyd vir persoonlike afleiding, tog is hy 'n vurige Blou Bul-ondersteuner en krieketentoesias.

Almal het met prof Pretorius se besoek op Maandag, 8 Junie sommer dadelik geluister na wat hy oor Geskiedenis te vertelle het — want hy was een van die 1966-matrikulante wat dr Edwards so mooi by Affies laat "inskakel" het deur hom so 'n bietjie hardhandig in te lyf.

Toe diè man egter begin praat, was bogenoemde rede nie meer die belangrikste nie, want kán die man prâát! Hy wys daarop dat geskiedenis nie net datums en feite is nie — geskiedenis lewe en leer die mens om dinge en mense beter te verstaan. Deur sy staaltjies en navorsing laat hy die geskiedenis lewe. Die deernis waarmee hy met die feite werk, bewys dat hierdie oud-Affie 'n gróót man is. Die Affies eer hom!



# *'n Geliefde Affie-gesin*

*Januarie 1972 verhuis die gesin Van der Merwe van die platteland af na Pretoria. As vurige Affie-ondersteuners leef en beweeg hulle die volgende 2 jaar saam met Affies. Beleef hulle menige hoogtepunte in die geskiedenis van hierdie skool.*

*Januarie 1974 word mev Erina van der Merwe amptelik 'n Affie. Na 2 suksesvolle studiejare in Skoolbiblioteekwese (toe die inding!) aanvaar sy 'n permanente pos as Onderwyser Bibliotekaresse.*

*In 1979 word die skoolbiblioteek omskep in die Mediasentrum wat sy volgens beleid organiseer en laat funksioneer. Hierdie ideaal is verwesenlik. Die kroos, Johan en Nel-Mari was albei in Affies en Pa Cas het geen ander keuse gehad as om net so 'n vurige, volbloed Affie te word nie. As gesin het hulle saam Affies se humor en prestasies beleef, gedeel in hulle vreugdes en meerlae, deel geword van die groot Affie-gesin. Nou sê hulle, sluit hulle aan by 'n ander ouer groep Affies — wat hulle groot liefde en lojaliteit vir hierdie skool deel.*

*"As ek op hierdie wyse die Affies groet, is dit bloot 'n opdrag! My liefde en lojaliteit vir Affies lê te diep dat ek my, na byna 'n halwe leeftyd saam, totaal van hierdie skool sal kan losmaak.*

*Vir my was ware Affie-wees 'n leefwyse. Daarom wil ek weer vir elke Affie sê: as jy 'n ware Affie wil wees, moet jy totaal betrokke wees by hierdie grootse skool. Ek sê dankie aan my gesin dat hulle saam met my hierdie geleentheid, om deel van Affies te wees, aangegryp het sodat ons voluit vir Affies kon gee, kon deel in julle prestasies en humor, saam met julle kon juig en huil.*

*Laat die Affie Lig altyd helder skyn! Straal julle lewensbeginsels uit! Waar lig is, is warmte, geborgenheid en doelgerigtheid. Dankie dat ons ons vir soveel jare kon koester in die Affie warmte, veilig kon voel en saam met julle 'n doelgerigte, sinvolle pad kon loop. Ek groet julle met 'n warm gevoel vir Affies wat ek lewenslank in die hart sal dra!*

*Die Affies groet mev Van der Merwe as personeellid, maar gelukkig verloor ons haar en haar gesin nie as deel van die Affies! Ons eer haar vir haar Affie-wees, haar entoesiasme en onbaatsugtige diens aan Affies!*

# Kultuurvrou van die Kwartaal

### Liezel Kritzinger — ons eie Sandra Prinsloo

**Marelie du Plessis**

**Liezl Kritzinger is sestien jaar oud en in st agt. Hierdie Affie hou Meisieshoër se naam hoog op kultuurgebied. Tydens hierdie jaar se kunswedstryd, behaal sy vier A-simbole (80% +),** sewe A+-simbole (90% +), sowel as vier A++-simbole. Sy het ook vyf trofeë verower vir die beurswenner, beste voordragkonsertprogram, beste monoloog, beste Afrikaanse student in die Engelse afdeling en beste algehele hoërskoolstudent.

Naas drama, sing Liezl in die koor en neem sy ook aan redenaarskompetisies deel. Sy was hierdie jaar 'n lid van die tweetalige redenaarspan asook die Afrikaanse span — albei die spanne het hulle onderskeie afdelings gewen. Sy het saam met Hanlie du Plessis aan die Junior Rapportryers se debatskompetisie deelgeneem. Liezl het ook deurgedring na die finaal van die landswye DALRO-toneelkompetisie — die enigste st agtleerling in Transvaal. Hierdie finaal vind die eerskomende vakansie plaas.

Stroom-op het met hierdie kultuurvrou gaan gesels:

**SO:** "Hoe het jy in drama begin belangstel?"

**L:** "My ma het my in st een as 'n verrassing na 'n plek toe geneem. Hierdie "plek" was toe die dramaklas".

**SO:** "Wat was 'n laagtepunt in jou loopbaan?"

**L:** "Daar was nooit regtig 'n laagtepunt nie."

**SO:** "En 'n hoogtepunt?"

**L:** "Toe ek in st ses as die hoërskoolwenner by die kunswedstryd aangewys is."

**SO:** "Wie is jou inspirasie en wat is jou wenresep?"

**L:** "Daar is nie regtig iemand wat my inspireer nie. My wenresep is om hard te werk en vinnig op jou voete te dink wanneer jy jou woorde vergeet — en om nie om te gee as jy 'n gek van jouself op die verhoog maak nie."

**SO:** "Wat is jou toekomsplanne?"

**L: "Ek wil eendag televisiewerk doen. Ek wil ook graag my drama-opleiding in my beroep gebruik."**

**SO:** "Watter ander belangstellings het jy?"

**L:** "Ek is lief vir kampe en die buitelewe. Ek hou van sing en ek doen ook hoogspring."

**SO:** "As jy een wens kon hê, wat sou dit wees?"

**L:** "Ek sou graag 'n Artes wou wen."

**SO:** "Voel jy sport en kultuur balanseer in AHM?"

**L:** "Nie regtig nie. Kultuur moet 'n bietjie meer aandag kry. Leerlinge wat vir die skool aan drama deelneem, kry nie soveel erkenning soos bv atlete nie."

**SO:** "Het jy 'n boodskap vir die Affies?"

**L:** "Moenie moed opgee wanneer jy misluk nie. Doen alles na die beste van jou vermoë en tot verheerliking van God. En geniet dit!"

Affies hou styf duim vas vir Liezl met die finaal van die kompetisie die vakansie. Ons weet dit sal goed gaan!



# Entrepreneurskap in Model C-Skole

**Marelie du Plessis**

**Met die omskakeling van skole vanaf Status Quo na Model-C, het skole verander vanaf 'n liggaam ekonomies afhanklik van die TOD, tot 'n onafhanklike instansie aangewese op private kapitaal en bestuur.**

Alhoewel die skoolgronde en geboue gratis deur die TOD aan die verskillende bestuursrade van die skole oorgedra is, is daar nou ekonomies 'n groter las op skole as ooit tevore. Vroeër is die instandhouding van die skoolterrein en geboue, sowel as opvoedkundige materiaal, deur die TOD gefinansier. Skole is nou egter self verantwoordelik vir die voorsiening van fondse en die effektiewe bestuur daarvan.

Maar in 'n tyd waarin die samelewing onder groot ekonomiese druk gebuk gaan, is dit nie die ideale uitweg om die benodigde geld nét uit die ouers se sakke te diep nie. Dit is waarom 'n mens nou indringend na verskillende, eenvoudige maniere moet soek waar die leerling sélf kan help om hierdie finansiële las ligter te maak. Daar is talle voorbeelde hoe leerlinge 'n aktiewe rol kan speel om geld in te samel en te bespaar.

Aangesien leerlinge self handboeke sal moet aankoop, kan daar gereël word dat dit in groot maat aangekoop word. Daar kan ook 'n boekwinkel op die terrein oopgemaak word wat tweedehandse boeke koop en verkoop. Pryse kan na gelang van die boeke se gehalte vasgestel word.

Die meeste leerlinge koop die duurder kledingstukke, soos bv. skoolbaadjies, twee maal in hulle hoërskoolloopbaan. 'n Tweedehandse klerewinkel kan klere teen vasgestelde pryse koop en weer verkoop. Matriekleerlinge kan aangemoedig word om hul klere in hul finale jaar te skenk. Sodoende kan daar dan ook 'n klein wins gemaak word.

Groot bedrae geld word gespandeer aan die instandhouding van die skoolgeboue en -terrein. Ook hier kan leerlinge help om die arbeidskoste te verminder. Sportspanne kan verantwoordelik wees vir hul onderskeie fasiliteite, bv. die atletiekspan kan die atletiekbaan se gras sny en die kalklyne trek. Standerdgroepe of selfs vakgroepe kan 'n sekere taak hê, bv die kunsleerlinge vorm 'n verfspan en die standerd agts 'n tuinspan.

Deurlopende geldinsamelingsprojekte kan deur die jaar deur leerlinge uitgevoer word. Daar kan bv een keer per kwartaal 'n groot Wit-Olifant-tafel gereël word. Elke leerlinge kan een artikel bring en die hele omliggende gemeenskap kan kom koop. 'n Ander idee is om die musiekdepartement aan te moedig om, teen betaling, musiek te verskaf in 'n winkelkompleks en by ander funksies. Die huishoudkundedepartement kan dalk 'n spysenieringsdiens onderneem.

Die moontlikhede hoe om geld in te samel of te bespaar, is legio. Nie net word leerlinge se bestuursverantwoordelikhede verbeter nie, maar hulle word 'n geleentheid gebied om hul entrepreneurskap te ontwikkel. So word hulle geleer om te funksioneer in 'n samelewing wat baie meer verantwoordelikheid van die individu vereis.

# Redaksie

**Redakteur:** Johan O'Kelly.
**Sub-Redakteurs:** Johan Nel (Sport), Braam Naudé (Kultuur).
**Redaksielede:** Nico Snyman, Nico Barnard, Charl de Klerk, Ulrich Kotzenberg, Craig Franklin, Robert Wilke, Wimpie Pieterse, Pierre Lombaard, Jacques Fourie.
**Fotograwe:** Klaas Louw, Danie Bredenkamp, Dawid Louw, Coenie de Villiers.
**Spotprentekenaar:** Tienie van Rooyen.
**Redaktrise:** Anina Boshoff.
**Sub-redaktrises:** Therese Bentum, Corlie Schumann.
**Redaksielede (St 10): Marika Botha, Margarethe Jor**daan, Talitha Bertelsmann, Annie Malan, Christel Wolmarans, Michelle Buchel, Esther Venter, Sunelle Swanepoel, Amelia van der Merwe, Elrica de Kock.
**(St 9):** Marlie du Plessis, Franél le Grange, Marga van der Merwe, Melanie Riding.
**(St 8):** Hanlie du Plessis, Ria Potgieter.
**Spotprente:** Annalene Kammer, Idalette du Plessis.
**Fotograwe:** Anina Boshoff, Karen Zeeman, Marleen Zarrabi, Leani de Kock.

# Republiekfees '92

*Hierdie jaar, soos elke jaar, was die Republiekdagvierings by Affies 'n belewenis wat moeilik vergeet sal word. Dr Edwards, hoof van die seunskool, het die uitvoer van hierdie jaar se verrigtinge aan die prefektegroep oorgelaat.*

Voor die amptelike vieringe is daar 'n kompetisie onder die verskeie standerds gehou om te bepaal wie die hoogste toring met blikkieskos kan bou. Die matrikulante wat hulle toring so hoog gebou het dat dit moes plat lê om nie 'n gat in die wolke te steek nie, het vanselfsprekend met die louere weggestap! (Al dink die beoordelaars nie so nie!)



Na Skriflesing en gebed en die lees van die

**Vervolg op p9**

# Noksa in Affies

Marelie du Plessis

**Met die aanvang van die berig, is dit noodsaaklik om te noem dat enige ooreenkomste met lewende persone, sowel as ooreenkomste met onlangse of lankvergete gebeure nie toevallig is nie. Name, plekname en datums is ook glad nie gewysig nie.**

Die bekende Sjinese sielkundige, prof Ken Takkie Checkin, se onlangse studie in Pretoria se mees vooraanstaande hoërskool (AHM, natuurlik!), het getoon dat meer as 94% van die skool se st neges "zing"-loos geword het. Hierdie st neges val egter nie in die klas van "het nooit 'zing' gehad nie", maar die "het 'zing' gehad, maar dit verloor"-klas.

Daar is bevind dat 1992 'n ongelooflike uitmergelende uitwerking gehad het op die spoggroep van die skool. Daar is talle simptome gevind wat deur die toestand veroorsaak is.

In die eerste plek is dit duidelik dat die st neges emosioneel afgestomp geraak het. 'n Mens kan dit aan die hand van 'n voorbeeld verduidelik: A vra vir J (nadat sy 'n klip teen die ruit gehoor het): "Wie was dit, J? J antwoord: "Dit was 'n 'streaker'. Leana, waar's my koffie?"

Ook die uiterlike voorkoms het geheel-en-al agteruitgegaan — die st neges lyk deesdae so vars soos laas jaar se brood: M: "Man, ek lyk nie so van bomskok nie, ek lyk so van skoolskok." Ook gehoor: "Ek sien jy't weer jou oor verslaap!"

Prioriteite het die st neges ook heeltemal deurmekaar gehad: "Wat bedoel julle julle het nie tyd om toets te skryf nie? Die akademie kom eerste" "Netbaloefeninge verdien voorkeur!" "Koor is nou julle eerste prioriteit!" "Die volgende kinders moet aan die Olimpiade deelneem..." "Die 'Poetry projects' word volgende week opgevoer." "Die toneeloefening is van vyf tot sewe..."

Dis geen wonder dat die st neges nie meer 'zing' het nie. Daarom het prof Checkin besluit om Noksa (Die Neges se Ondersteunings-Klub vir Sielkundige Afwykings) te stig. Hierdie klub sal bystand lewer aan alle st neges wat besef dat hulle die "point of no return" bereik het — die feit dat hulle nie meer een van Jakoba se "doughnuts" of pasteie in die oë kan kyk nie.

Lidmaatskap is gratis vir alle st neges. Enige ander leerlinge moet R60 ledegeld betaal ten bate van die Matriekafskeidsfonds. Bystand kan vier-en-twintig uur per dag verkry word van prof Checkin by tel nr 087-91911 — oproepe kos R6,20 per minuut.

Ons hoop om binne ses maande al die st neges se "zing" terug te besorg, sodat hulle genoeg "zing" het om Matriek as die mees "zing"-volle groep ooit aan te durf!

# Die Olimpiade by Affies

Melanie Riding

**Wat sê 'n kreatiewe mens oor die Olimpiade by Affies?**

Laat ek by die feite begin. Daar is hierdie jaar reeds olimpiades in twee vakgebiede geskryf — Wiskunde op 17 Maart en Afrikaans op 20 Mei. In elke olimpiade is daar 'n kategorie vir junior en senior hoërskoolleerlinge.


Die Wiskunde-olimpiade word deur die meeste entoesiaste as 'n gulde geleentheid om die verroeste breinratte weer aan die draai te kry, beskou. Logiese en positiewe denke is volgens my die belangrikste benodigdhede, saam met 'n HB-potlood en 'n uitveër, wanneer jy by die klas instap om die toets af te lê.

Die Afrikaansolimpiade is 'n ander saak. Een van ons st neges wat verlede jaar baie goed gevaar het, het die affêre so opgesom: "Die Afrikaansolimpiade gee 'n mens die kans om te dink — die vraestel was egter baie styf."

Benodigdhede vir hierdie toets van kennis, sluit die volgende in:
— 'n briljante kennis van die Afrikaanse taal en al die aspekte daaraan verbonde
— dieselfde HB-potlood en uitveër.

In ons skool het olimpiades mettertyd 'n tradisie geword en elke jaar neem meer en meer leerlinge daaraan deel.

Sterkte aan almal wat nog dié jaar en alle ander jare olimpiades gaan skryf. In Affieland sal olimpiades altyd denkers en kundiges op die verskeie vakgebiede lok. Mag daar altyd skitterende uitslae wees!




# "Deutsch ist Zukunft"

**Op Donderdag, 7 Mei, was dit tyd vir die jaarlikse Duitse dag by Boys' High. Om elfuur het die Duitse leerlinge na die krieketveld van Boys' High vertrek.**

Nadat almal welkom geheet is en (saam?) gesing het, het die optog, in skoolverband, om die skool begin. Dit was vir die meeste 'n geleentheid om die stalletjies te besigtig. Daar is van worsbroodjies tot "Lebkuchen" te koop aangebied... net reg vir die honger skoolkinders wat met die eerste en beste kans na die stalletjies gestorm het!

Verder was daar Duitse speletjies om aan deel te neem. Meisieshoër se vlugbalspan het net-net tweede gekom na 'n seunspan van Willow Ridge.

Baie dankie aan mev Oberholzer vir die moeite met die reëlings en al die dogters wat gehelp het om die vaandel te maak!

# Toneel-Affies!



# Afrikaanse toneel '92 — *"Die Spel"*

Elrica de Kock

**Vanjaar se Afrikaanse toneel was 'n dramatiese gebeurtenis. Daar is reeds vroeg in die termyn streng oudisies vir Barry Meenhan se toneelstuk, "Die Spel", gehou. Twee dramastudente wat voornemende onderwyseresse is, se hulp is ingeroep om die Affies 'n bietjie meer vertroud met die drama en die verhoogkuns in die algemeen te maak.**

Die reusetaak is met mening aangepak. Tussen die vele ander aktiwiteite van elke deelnemer, moes daar tyd gemaak word vir gereelde repetisies, wat gewoonlik op Saterdagmiddae plaasgevind het. Ten spyte van die opofferings, het almal baie geleer en dit geniet. Daar is aan stemme gewerk — hoe om te projekteer sonder om die stem te ooreis. Die belangrikheid van wedersydse vertroue is telkemale beklemtoon. Die heel lekkerste was die konsentrasie- en ontspanningsoefeninge wat gedoen is voor die spelers die planke betree het om hulle aan die skrikwekkende dinamiese stuk oor te gee.

Die deelnemers aan "Die Spel" sê dankie aan Shenette White en Jean Banlich — hulle is klaar uitstekende onderwyseresse. Die Afrikaanse toneel wat onder die wakende oog van mev Van Schalkwyk en met haar aanmoediging, ondersteuning en opoffering opgevoer word, is 'n onvergeetlike ervaring. Die "Spel"-Affies sê baie, baie dankie!

# Die aand toe ons ge-"Grease" is

Marelie du Plessis

**'n Vertoning van die musiekblyspel "Grease" is vanjaar deur die OOV uitgekoop, en op Woensdagaand, 13 Mei, het groot getalle Affies met groot getalle Affies met hoë verwagtinge na die Staatsteater gestroom om na die gewilde ruk-en-rol blyspel te gaan kyk.**

Akteurs met helderkleurige sokkies, klinknaelbroeke en ge-oliede hare, het pragtige solo's gelewer en die ou bekende melodieë het 'n tikkie nostalgie ontlok by die ouer garde in die gehoor.

Dit is egter jammer dat die klank so hard was, aangesien baie van die woorde verlore gegaan het. Nog 'n aspek wat 'n wrang smaak in party mense se monde agtergelaat het, was die vuilgariteit en suggestiewe bewegings van sommige danse.

Die sedeles wat in die opvoering deurgeskemer het, sal menigeen bly maak dat hulle in die negentiger- eerder as in die sestigerjare leef. "Gee toe aan groepsdruk" was nog nooit juis die beste les om te leer nie.

Dit is dus duidelik dat daar gemengde gevoelens was oor die sukses van die vertoning. Vir party was dit 'n teleurstelling, vir ander 'n genotvolle aand. Hoe dit ookal sy, die vertoning het niemand onaangeraak gelaat nie.





*Geagte Mnr die Voorsitter...*

— Sunelle Swanepoel

*Het jy geweet dat harde musiek 'n motorbestuurder se sig kan belemmer? Dit was maar een van die interessanthede wat die Affiedebat-spanne uit die eerste rondte van die Junior Rapportryers-kompetisie wys geword het. Aanvanklik het die onderwerp heel vervelig geklink: "Moet die minimum ouderdom vir die verkryging van 'n motorbestuurderslisensie verlaag word? "Ja", het Hanlie du Plessis en Liezl Kritzinger gesê. "Dit is mos onregverdig dat ons ouers ons oral heen moet karwei!" Anina Boshoff en Sunelle Swanepoel het egter glad nie hiermee saamgestem nie. "Daar is nog nie eens voldoende fondse vir die opskerping van vrouebestuurders nie, dan wil hulle al sestienjariges oplei!" Laasgenoemde span het na die volgende rondte deurgedring, wanneer die vraag sal wees: "Doen die jeug genoeg om rasseverhoudinge te verbeter?"*



# Smaak verskil!

Anina Boshoff

**As al die modes, giere en tendense van die eeue ons deur die eeue enigiets geleer het, is dit sekerlik die volgende: SMAAK VERSKIL! Op 9 Mei het die bykans 30 Affies wat die Junior Stadsraad se Jeugbal bygewoon het, dit opnuut besef.**

Hoewel daar niks geskort het nie, het die dansstyle, kos-, musiek- en kleresmaak ingrypend van die standaard Affie-matriekafskeid verskil.

Die pad na die enigste opskeppunt was byvoorbeeld oor die dansbaan — die ry het meer dikwels tot op die dansbaan gestrek. Dit spreek nou seker vanself dat die paadjie terug dieselfde roete gevolg het — die borde warm kos in mense se hande het van die dansbaan 'n baie belowende potensiële slagveld gemaak!

Die Affies het egter nie toegelaat dat dit, of die duur koeldrank, of die padvarke op die dansbaan hulle onderkry nie. Affies se onderhoofmeisie, Marika Botha, het selfs daarin geslaag om 'n fliekkaartjie los te slaan.

Die aand was, in sy geheel gesien, 'n groot sukses. Die groot verskeidenheid dui op 'n pragtige sin vir individualisme onder die jeug van Pretoria.




JP, onthou 'n "image" oorleef nie in die tweede span nie.

"Culture vulture"

Is syne groter as myne?

Beetle?

Grass Burn!!

Sensormuur

Gesteel


My ryperd, my brakkie en ek...



# Meisies se reaksies op die woord "MANS"!

| | |
|---|---|
| Annie: | "Soos afgode: wanneer jy hulle nodig het, is hulle nooit daar nie!" |
| Anina: | "Sluit dit vir Johan Nel in?" |
| Marika: | "Solank hy vir my appels bring en nie blomme nie." |
| Christine: | "Blikskottels (behalwe vir...)" |
| Jeanika: | "Kom weer? Wat is dit nou?" |
| Nicole: | "Breindood". |



# Huishoudkunde toets vir die st sewes

**Karin Jordaan**

Verduidelik/omskryf die volgende:

**A. Kookkuns**

| VRAE: | ANTWOORDE: |
|---|---|
| 1. oase | 1. plek in woestyn |
| 2. croutons | 2. Franse generaal |
| 3. prut | 3. 'n soort gom |
| 4. verbruin | 4. 'n lekker "tan" kry |
| 5. bestuif | 5. die bye doen dit |
| 6. doop | 6. 'n geloof aanneem |
| 7. stip met botter | 7. botter betyds bring |
| 8. week | 8. sewe dae |
| 9. blansjeer | 9. antoniem vir marsjeer |
| 10. marineer | 10. marsjeer op Marine Parade |

**B. Naaldwerk**

| | |
|---|---|
| 1. plooie | 1. kreukels op gesig |
| 2. patroon | 2. word in geweer gebruik |
| 3. spoeletjie | 3. klein bietjie seep uitwas |
| 4. speldekussing | 4. ongemaklike beddegoed |

## Stel jou voor (Matrieks)

1. Bertus Korb in 'n kerkpak.
2. JP by die skool die dag op óf die dag voor 'n Ekonomietoets.
3. Rudy Gunter met een meisie.
4. Tinus wat sy lisensie slaag.
5. Anton wat slegs 'n onderskeiding vir Duits het.
6. Purchase sonder 'n besering.
7. Iemand wat kan hoor en verstaan wat O'Kelly sê.
8. Affies by Magnolia!
9. Iemand wat 'n Bybeltoets slaag (moeilikste vak by Affies).
10. Fairbanks wat normaal is.
11. Boomspan met 'n gebore rugbyspeler.
12. O'Kelly wat sy eie huiswerk doen.
13. Jan-Hendrik wat afskryf.
14. Jurie met verantwoordelikheid (met messe).
15. Boomker met Michelle Buchel.
16. Francois Frylinck 'n hele week by die skool.
17. Dirk (Hitler) werk op kibboets.
18. Martin sonder sy kakebeen.
19. Lorrie met Lizette Otto.
20. Coenie sonder ski-pants.
21. Chabbas sonder Hannetjie.

## Stel jou voor (St Neges)


"Ice van Helden sonder hare.
Smokey met kort pinkienaels.
White sonder 'n pyp
JP sonder 'n Image
Lochner sonder ysskaatse.
Keyser op kommando.

## Stel jou voor (Onderwysers)

Mnr Oosthuizen met lang, steil, blonde hare en 'n Mercedes.
Mnr James Nel as eerstespanafrigter.
Mnr Visagie as 'n "surfer".
Mnr Herbert Wright op 'n Harley Davidson.

## Die Sterre Voorspel: (Anonamuis)


1. Lorrie en Jobe volgende jaar se eerstespan slotte.
2. Penon op Safari.
3. Graeme wen Gunston 500.
4. Bernard Odendaal in Angola.
5. Rudi Louw in 'n reptielpark.
6. Skille (André Cilliė) in Zonderwater (tronk).
7. Sloet (Cornė Wessels) speel vir Kaizer Chiefs.
8. Fairbanks direkteur van Anglo-American.




# Uit die mond van...

**(Opgedra aan die Matrieks van '92)**
**— Christel Wolmarans**

| | |
|---|---|
| **Mev Cloete:** | "Minnette, jou hare lyk soos 'n veerpoothoender s'n." |
| **Mev Troskie:** | "Ek was in 1986 laas so kwaad!" |
| **Mej Crous:** | "Net om weer op te som..." |
| **Mev Du Toit:** | "On a scale of one to ten, what do you give this poem?" |
| **Mev Raath:** | "Smurfies, druk dit 'n pit." |
| **Mev Van Straaten:** | "You twit!" |
| **Mev Burger:** | "Is wiskunde nie pragtig nie?" |
| **Mej Geer:** | "Dames, dames, dames... astertjie, moet net nie stres nie." |
| **Mev Greef:** | "Outjies..." |
| **Mev Bodenstein:** | "Namibië kan nie eers rugby speel nie." |
| **Mej Van der Merwe:** | "Ek gaan nou kwaad word!" |
| **Mev Bauer:** | "Dogters, ek wil nie nou weer mislik raak nie, maar..." |
| **Mej Du Plooy:** | "As ek net dink aan al die werk wat ons nog moet doen." |




*Matriekmonnikke skryf eksamen.*



# *Dit gaan 'n slegte dag wees vir ...*

... SJ wanneer Annie hom vra om een skooldag met haar plekke (ampte) te ruil.
... Johan wanneer sy stem weg is
... Jaco wanneer krieket in Suid-Afrika verban word.
... Annie wanneer sy verplig is om iets positiefs oor een Affie-ou vir 'n ander Affie-ou te sê.
... Anina wanneer Mina Moe na haar begin hap.
... Marika wanneer appels vir 'n week lank onverkrygbaar is.
... Wian wanneer sy (tweelingboetie) Jurie sy verjaardag vergeet.
... Ankia wanneer die voëltjie by haar kamervenster 'n aasvoël is.
... André Cilliers wanneer hy wakker word en dink dat sy waterbed stukkend is, maar dan agterkom dat hy nie een het nie.
... Bossie wanneer sy toeter vashaak en hy agter 'n bende "Hell's Angels" staan.
... Ulrich wanneer hy wakker word en sy hare krul.
... Jeanika wanneer sy albei kontaklense in een oog sit.
... Robert wanneer sy kitsbankstrokie vir hom vloekwoorde uittik.

(Hierdie artikel is geskryf deur iemand wat 'n oor teen die grond het en ALLES van die Matrieks weet... Pasop! Jy is dalk volgende op hierdie lys...)




# Eerste Rugbyspan

**1** King "Ed"
**2** Prop van der Walt
**3** "Ewiza" Ferreira
**4** SAK-Deysel
**5** "Culture-Vulture" Koegelbabe
**6** "Terminator" Du Plessis
**7** Picasso Roux
**8** "Shrink" Nel
**9** "Heks" (Witch of Eastwict) le Roux
**10** (Jnr) Myburgh
**11** Squeeler Burger
**12** Hobbeltjie Heyns
**13** Tani An
**14** Genl Hagar van Zyl
**15** "Spietkop" Oosthuizen

Reserwe: Chuck en "The Chuckers"

Spanbestuurder: Hê-"Louw" Myburgh

Span: Rebelle (Memorial) Vyftiental
Datum: 14 Junie 1674
Teen: Boy's Town Educationals
Veld: Brooks A-Z
Tyd: 11:00
Afrigter: Bossie Swanepoel

# Standerdraad

**Die Standerdraad. Is dit net nog 'n raad met verskillende komitees, soos die prefekteraad en die leerlingraad? Wat is die doel met só 'n raad? Dit is vrae wat miskien by talle leerlinge mag opkom. Is die standerdraad nodig?**

Die antwoord: — ja! Hierdie raad is wèl verdeel in verskillende noodsaaklike komitees, is byvoorbeeld verregaande om te verwag dat 'n st 7- en st 10-leerling van dieselfde dinge hou en dieselfde dinge doen. Daarom kan besluite nou geneem en ook uitgevoer word volgens die behoeftes van die onderskeie Standerds (dit wil sê ouderdomsgroepe).

Die Standerdraad hou ook op 'n vasgestelde basis, vergaderings om probleme te bespreek wat in die skool ondervind word en om voorstelle te maak waar verbeterings aangebring kan word. Dit geskied natuurlik alles onder die wakende oog van mev Heksie le Roux.

Projekte wat alreeds deur die Standerdraad aangepak is en selfs al uitgevoer is, is die volgende: alle standerdsosiale, die veldfliek; die verf en herstel van die rugbypale, kleedkamers, die koshuismuur herstel; die opknap van kleredrag; die skoonmaak van die skoolterrein; Dramuk (wat 'n reuse sukses was). Hulle was ook onmisbaar in die reëlings van die kooraand.

Die Standerdraad doen werklik onbaatsugtige werk in ons skool. Nog baie verbeteringe is reeds beplan. Gebruik die lede van die Standerdraad om jou uitvoerbare idees te laat realiseer!



# Koorfees '92

SJ de Beer

**Die Afrikaanse Hoër Seunskool se eerste Koorfees is gekenmerk deur puik kultuurtalent, en 'n nuwe dimensie in inisiatief rakende die ontginning daarvan.**


Soos gewoonlik, is die organisasie daarvan deur mnre Deon du Plessis, Jaco Roux, Werner Dyer en mev Rina-Mari Roux aangepak — 'n taak wat hulle met groot inisiatief en entoesiasme begroet het.

Die resultaat was 'n eerste vir Affies — vermaak uit die boonste rakke met die klem op verskeidenheid. Welliswaar nog 'n relatiewe nuwe konsep, maar een wat hom as lewensvatbaar en suksesvol bewys het op die glorieryke Affie-aand.

Die inhoud van die Koorfees is gekenmerk deur werke van hoogstaande gehalte. Dit was dan ook Zoltan Kodaly se bydrae! "Danslied" wat deur die Afrikaanse Hoër Meisieskool gesing is wat die gehoor op hul tone gehou het.

Daar word dan ook graag erkenning aan die ander kore wat deelgeneem het, gegee. Laerskool Meyerspark, met hul bydra "Oorlosies" die Afrikaanse Hoër Sasolburg, met hulle vertolking van "Psalm 42", Hoërskool Voortrekkerhoogte met "Akkedisse" deur Chris Lamprecht, Primêre Laerskool Fonteine se "Ascot Cavotte" en laaste, maar nie die minste nie, die Afrikaanse Hoër Seunskool met hul spontane vertolking van "Jan Viljee".

DUS: aan alle onderwysers en leerlinge "in absentia" — baie dankie vir hierdie pionieraanbieding, dit het net weer eens bevestig (tussen harde werk en gerafelde senuwees deur...) dis 'n fees om 'n Affie te wees.



*(Vlnr): Mnr Du Plessis, mev Roux, mnr Dyer. Hulle is verantwoordelik vir die koor se groot sukses.*




# NON

**Vir al julle ouens daar buite wat 'Scope' lees, behoort hierdie na dese die gunsteling berig in 'Stroom-op' te word. Ons weet almal dat die enigste rede waarom ons die 'Scope' koop, is die uitstekende briewe-kolom op bladsye 3-5. Mense sê wat hulle dink, en die redakteur beantwoord elke brief reguit, en eerlik.**

Dit is nagenoeg die doel van hierdie kolom — 'n kolom waar jy kan kla as jy ongelukkig is, jubel as jy gelukkig is en lees as jy verveeld is.

Aangesien ons redakteurs egter 'n reputasie het om te beskerm,, sal NON ('n leerling in Affies met besonderre insig) die briewe beantwoord.

Hy is **on**bekend, **on**afhanklik en **on**getroud.

*Beste NON*

*Waarom kry die prefekte eerste keuse ten opsigte van die sluitkaste?*

*Waarom is dit nie van die begin af vrygestel vir almal nie? (of ten minste aan die hele matriekgroep).*

**— Nog 'n bekommerde Affie**

Beste Nog 'n bekommerde Affie

Soos met alles by die skool, kry prefekte voorkeur bv: Wie sal sorg vir opruiming na byeenkomste (waar jý gemors het)? ... die prefekte. Wie sal sorg vir algemene dissipline (wat jý verontagsaam) ... die prefekte.

**— NON**

*Beste NON*

*Waarom is Arno Young en Peter Fairbanks se hare so besonder krullerig?*

**— Waarnemer '92**


Beste Waarnemer '92

Ek dink jy moet eerder vra watter buitengewone "krultang" kan so iets vermag, want ek glo menige dame smag na so 'n "krul-vir-krul-nommer-pas-krultang".

**— NON**

# *Ons Redakteur*

W Pieterse



**'n Onlangse onderhoud met Johan O'Kelly, prefek, koshuishoofseun en Redakteur van die Stroom-Op, het baie interessante feite en sienings opgelewer:**

Op die vraag "Wat dink jy van die Meisieskool?", het Johan sommer dadelik begin hiperventileer. Sy gesig was skielik bloedrooi en het die volgende geantwoord: "Soos jy weet besit ek ook 'n "stukkie" in die Kappie-kommando hier oorkant. Dit wil egter nie sê ek hou van hulle nie! Dit is vir enige voorspeler 'n voordeel om 'n meisie in die Meisieskool te hê, dit help mens om 'n plek in die eerstespan te kry."

**"Hoekom so?" vra ek toe.**

"Net dom voorspelers kry span in Affies se eerstespan, met 'n Bloue aan jou sy, lyk jy twee keer dommer as wat jy werklik is! (Ek het dit self uitgedink, hoor!)" antwoord Johan selfvoldaan.

**"As jy een ding aan ons skool kon verander, wat sou jy wil verander?"**

Baie filosofies antwoord hy: "Die sementblad, natuurlik! Jy sien, toe ek in standerd ses was, het ek eenmaal my toon daarteen stukkend gestamp. Van toe af wens ek dit was eerder 'n rubberblad."

**"Wat dink jy van ons tradisie?"**

Na sewe minute se nadink, antwoord hy: "Die tradisie hier by Affies is uniek: geen ander skool het leerlinge met presies dieselfde name as ons seuns nie."

My laaste vraag was: **"Johan, as jy terugkyk oor jou skoolloopbaan, wat was vir jou die beste oomblik van die afgelope twaalf jaar?"**

"Onthou jy toe ons daai eenkeer voor skool op die vierkant aangetree het? Toe het ons mos gepraat toe ons op aandag moes staan! (fluister) Onthou jy, toe die vlag "gehuis" was? Dit is vir my die opwindendste en beste oomblik in my veertien...e...dertien jaar op skool!"

— Hy weet egter van die belangrikste spelreël: interessant — word gespel i-n-t-e-r (een rokkie) e-s-s (twee skoentjies) a-n-t. 'n Vonds vir die Taalkommissie? —

# Dramuk-aand '92

Johan Nel

**"Vandat Freddie Mercury dood is, hunker die Wêreld na 'n nuwe ster." Hierdie gedagte som die hele doel van Dramuk '92 baie goed op. Dit was 'n geleentheid vir die talentvolles om met hul debuut of swaneswang na vore te kom. Sterre was daar baie, en hulle het geskitter.**

Die reëlings en reklame van die aand, is deur die Kultuurgroep van die Standerdraad behartig. Inskrywings van alle kleure en klanke is ontvang, en die geleentheid is op 'n baie doeltreffende, dog unieke wyse geadverteer — musiek is oor die interkom gespeel. Meisieshoër en Boys' High is betrek.

Aangesien al die talentvolles nie op die finale aand sou kon deelneem nie, is daar baie streng oudisies en keuring gedoen deur mnre Du Plessis, Roux en Nel. Hulle het terselfdertyd as sensors opgetree, aangesien dit soms nodig was om die ... snoeiskêr in te lê.

Maar nietemin, uiteindelik is tien items deurgelaat na die Vrydgaand. Daar was 'n groot verskeidenheid vermaak wat gewissel het van monoloë, die klassieke tot die alternatiewe en ligte musiek en die grafstene. Ja, dis reg — grafstene. Deon Strydom en Johan Schoeman was een van die groot treffers van die aand met hul item, "Die grafsteensangers". Hulle het net weer bewys dat goeie vermaak, nie noodwendig klassieke musiek of sang hoef te wees nie.

Vir die ouer garde was daar ook 'n "trip down memory lane." Hugo de Waal en Rudolph Labuschagne het die gehoor op wonderlike wyse vermaak met hul weergawes van die Rolling Stones se "Paint it black", Creadence Clearwater Revival se "Proud Mary" en 'n treffer van The Doors. Dit was veral dr Edwards se gesig wat opgehelder het met die aanhoor van hierdie treffers uit die sestigs — die tydperk van die daggarokers en blommekinders. Dr Edwards — 'n hippie? Nee wat! Te min hare.

Johan Nel en Nico Snyman het die aand afgesluit met twee eie komposisies, en hul weergawe van George Michael se treffer, "Faith". Terwyl die beoordelaars buite gewik en geweeg het, het die koor onder leiding van mnr Du Plessis opgetree.

Na kommentaar deur die hoofbeoordelaar — mnr Potgieter van Boys' High, is die wenners aangewys:

3e plek: Johan Nel (Monoloog); 2e plek: Hugo de Waal & Rudolph Labuschagne; 1e plek: Johan Nel & Nico Snyman.

Baie dankie aan die Standerdraad vir 'n uitstekende aand, en dankie ook aan Trevor Jobe, wat die kateder van die verhoog gedra het. (Hy het ook 'n toespraak gelewer, maar toemaar).

# Onderwysers en Flieks

Mnr "Arnold" Koegelenberg — Cool as Ice
Mnr Oosthuizen — Last Boyscout
Mnr Chris Krüger — Necessary Roughness
Mnr Deysel — Short and Sweet
Mnr Wright — Too hot to handle
Mnr Myburgh Senior — Terminator
Mnr Myburg Junior — Terminator Too
Die Affie "Leerkragte" — Gorillas in the Mist
Heksie — The Little Mermaid
Mnr Swan en Potgieter — Harley Davidson and the Marlboro Man
Mnr Nel — Prins van Pretoria
Oom Frikkie en sy hond — Turner and Hooch
Dr Edwards — Back to the Future
Mnr Heyns — Silence of the Lambs
Mnr Theron — Dirty Dancing

**Vervolg van p.4**

aanhef van die grondwet, was dit Affies se omstrede dramaturg, Johan Nel, wat met een van die beste toneelstukke ooit deur 'n Affie geskryf, na vore gekom het. Die stuk het gehandel oor die euwels, wanopvattings en wangedrag van veral een groep in die samelewing: die "blondines", of te wel Affie-meisies!

Affies sê dankie aan prefekte wat hulle kreatiwiteit en uitnemendheid met die dag geopenbaar het.

SPORT... SPORT... SPORT... SPORT... SPORT... SPORT...

# Puik ondersteuners ... Puik spanne!!



## Hokkie- en Netbal-ondersteuning: almal is altyd daar!

**Michelle Buchel en Esther Venter**

'n Hokkie- of netbalwedstryd sal net nie dieselfde wees sonder Anina wat haar lojaliteit vir haar skool langs die baan uitskreeu nie. Sy is darem nie die enigste ondersteuner nie — dalk die ywerigste, maar definitief nie die enigste nie! Daar is talle ander Affies en Affiejuffrouens wat ook hulle kant bring.


Almal weet dat 'n wedstryd gemaak of gebreek kan word deur die hoeveelheid toeskouers wat jy aan jou kant het. Daarom is dit vir alle spanne belangrik om sommer 'n hele string ondersteuners te hê! Veral die oop spanne het hierdie seisoen fantastiese ondersteuning geniet. Die bane was altyd met opgewonde, jubelende, gillende, aanmoedigende en ondersteunende Affies omring.

Dankie aan al die wonderlike Affies — julle was 'n baie belangrike bestanddeel in die suksesresep!

### Eerste Hokkiespan




*Agter (vlnr): Nelce vd Westhuizen, Minette Ferreira, Christelle van Niekerk. Middel: Lizette Hoffman, Retha Malan (kapteine), Marleen Zarrabi, Elmien Vorster. Voor: Stefanie Maree, Riëtte Laas, Anél van Niekerk, Erika Brandt.*




*EERSTE NETBALSPAN:*
*Agter: Suzaan Myburhg, Liezel Vlok, Tanya Dedman, Susan Toerien, Esther Venter*
*Voor: Lynette Carstens, Vinia Pretorius.*




*Goed, ouens. Nou gebruik ons plan B.*




*Ons skietspan wat skoonskip gemaak het in die dogters-afdeling van die liga!*

*Agter: Daleen Geyser, Gerda Nel.*
*Voor: Marna Pretorius, Anne Stolz, Tanya Pretorius.*





*Ons baie gedugte Eerste Tennisspan.*

*Antikloksgewys: Amelia vd Merwe (kapteine), Reneé Greyvenstein, Ronel Spijkerman, Christine Liebenberg.*

**Die Matriekhokkiespan — 'n Profielfoto!**



## Hokkiebokkies of — leeus?

**Annelet Jordaan**

**Na die eerste oomblikke van verwarring, wil dit lyk of die Hokkiebokkies nie die onskuldige st sesse is wat hulle wil voorgee nie.**

Tydens opwarming is alles nog veilig, maar waag dit net om vir hulle 'n hokkiestok te gee en jy het 'n gevaarlike vyand wat vir niks stuit nie.Die stokke word wild rondgeswaai en byna niemand kom ongedeerd van 'n oefening af nie. Die wat dit wel regkry om sonder wonde van die slagveld terug te keer, word as baie gelukkig beskou.

Onder die talle beserings is daar vingers wat gebreek is deur hokkiestokke wat te hoog opgelig is, reuseknoppe aan koppe wat veroorsaak is deur balle wat 'n bietjie hoog getrek het en natuurlik bene met honderde blou kolle op.




Nadat dit aanvanklik nie so voorspoedig met ons eerste wedstryde gegaan het nie, het ons darem mettertyd ons staal begin wys en baie goed gevaar. Wonder bo wonder was daar ook nie ernstige ongevalle nie.

Onthou tog net — as jy êrens 'n hokkiebokkie raakloop, pasop!

SPORT SPORT SPORT SPORT SPORT SPORT SPORT SPORT SPORT SPORT

# Affies, Boys High Reünie

Nico Barnard

Vrydagaand 5 Junie, was 'n hoogtepunt op die Affie-kalender, weer op hande. Dit is die jaarlikse funksie wat deur oud-Affies en Boys High leerlinge gehou word, ter "voorbereiding" van die rugbykragmeting die volgende dag. Die funksie is by die Pretoria Buiteklub gehou en is deur sowat 350 persone bygewoon.

Mnr Hugo Porta, ambassadeur van Argentinië, het as gasspreker by die geleentheid opgetree. Die geleentheid is verder gekenmerk deur groot geesdrif en sommige "geesdriftiges" het dit hulle plig geag om die voorbereidings tot die vroeë oggendure end uit te vier.


# Luggeweer-skiet


**Sportverslaggewer**

**Johan Nel het in 1989 begin skiet. Van 1990 tot 1992 is hy elke jaar gekies vir die Nasionale Junior Skietspan. In 1991 het hy 'n nuwe SA Junior rekord opgestel (560 uit 600 punte) en terselfdertyd die Natal Senior Kampioenskappe gewen.**

Die 1992 Nasionale Junior Luggeweerskiet span, het van 14 Mei tot 1 Junie 'n gedeelte van die "Europe's World Cup", in Duitsland meegemaak. Nadat hul in Frankfort aangeland het, het hulle vir 'n paar dae by die skietsaal in Wiesbaden gaan skiet. 19 Mei het die kampioenskappe in die Suhl begin, en die tweede kampioenskappe het 26 Mei in Munchen begin.

Dit was vir Johan 'n groot belewenis om tussen die wêreldrekordhouers en ander groot skuts uit talle lande te skiet.







# Affies doen dit weer!

Die rugbyspanne het hulself oortref in die N-Tvl Hoërskole A-area liga:

14 spanne eindig eerste: die tweedes, vierdes, vyfdes, sesdes, o/16B; o/15A, B en C. o/14A, B, C en D en die o/13 A's;


3 spanne eindig tweede: o/13B, o/15D en o/16A;

en die derde span eindig derde.

# Houtstok '92

**Veldklarinet Velvrat Fairbanks**

**Na aanleiding van 'n intense emosionele, intellektuele en kultuurgeoriënteerde behoefte onder die Affie-volk, is daar na vele wik en weeg tot die slotsom gekom, Affies het 'n behoefte aan 'n eie orkes.**



Oneindige skade is egter aan die "Afrinaner"-strewe gedoen deur die "ondeurdagte" eskapades van die AHS-Blaasorkes. 'n Soortgelyke situasie moes ten alle koste verhoed word. Iets was nodig om die "volbloed-prut-pot" verbeelding van die volk aan te gryp. Ten tyde van die "volksaamtrek" te Boys High sou die ideale alternatiewe gehoor aanwesig wees, en het 'n "honger na reg en geregtigheid", 'n optrede genoodsaak.

Die onbaatsugtige en geniale Affie-musikante, naamlik Breekbreek Burger, Toeter-snoeterplooi, Beesbouda Wouda en Orrelneus Malan, het tot aksie oorgegaan. Na 'n erg "ongeNAAKbare" optrede deur die "Scottish Highlanders", is die volk egter die voorreg gegun om, te midde van die afwatering van ons beginsels, die geestesoog en volksoor tot 'n "eie" orkes te wend.

Beelde van klappende swepe, rollende wawiele en builkende beeste, gepaard met salige musikale begeleiding, het onwillekeurig in die verbeelding opgedoen. Menige traan is tydens die klimaks van volkstrots, nostalgiese nasionalisme en musikale uitnemendheid weggepink. Uit 'n trotse en warmkloppende volkshart: "Voorwaarts, strykers!"





# Boom?

**Wimpie Pieterse**

**Die tradisionele rugbydag teen Boy's High is die hoogtepunt van Affies se rugbyseisoen. Dit is ook die enigste geleentheid wat party van Affies se mees omstrede speler-persoonlikhede het om hul staal op die rugbyveld te wys.**

As gevolg van die gebrek aan oop spanne in die "gewone" skole in Pretoria, het Affies se sewendespan net een wedstryd op hul agenda deur die hele seisoen: die wedstryd teen Boy's High se "Boomspan".

Na 'n hele seisoen van geen offisiële of onoffisiële oefening nie (behalwe die aand voor die tyd), draf die sogenaamde "Boomspanne" toe Saterdagoggend, 6 Junie, om 08:15 op die veld. Affies se tradisioneel omstrede span, het weereens die hele wêreld gaande gehad met hul onortodokse voorkoms. Dit was die gewone Affie rugbydrag met een belangrike toevoeging: sykouse! Die sykouse is nie oor die koppe gedra om, soos verwg sou word, hulle identiteit geheim te hou nie, dit was op die gewone manier gedra om die opponente se aandag af te trek!

Die wedstryd is nie net met 'n reuse rugbybal afgeskop nie, maar ook met 'n ontsettende pas wat selfs die span se flank, en fiksste lid, Reg "The Revcounter" Frates, na twee minute aan die hyg gehad het. Die eerste helfte het beide spanne baie gelykop vertoon, maar dit was in die tweede helfte wat die Affies-"Boomspan", "doekies-omdraai", met "wortel-grawe-lesse" vervang het.

Die skakelpaar het die bal so veel as moontlik na die vleuels versprei, dit was egter baie moeilik aangesien die brug van vier tot vyf senters baie ondernemend gespeel het. Toe twee van die senters op 'n stadium die heelagter gaan "ondersteun" het, gryp die losskakel sy kans en gee dadelik uit na die vleuel. Soos verag is, klop hy toe sommer drie verdedigers, en druk die wendrie. Die nege voorspelers het eers met die gejuig van die skare, na die drie, agtergekom dat die bal nie meer in die losskrum is nie! Hulle het oor die Boy's High haker se kop baklei, wat blykbaar net soos 'n rugbybal gevoel het.

Affies het só hierdie geskiedkundige wedstryd met sewe punte teenoor nul gewen!

Die span was: Gert "Dagga" Jacobs; Vis "The Rotor" Els; "Maboon" Lubbe; "Bugga" Burger; "Ghwar" Kotze; "Driewiel" Boshoff; Reg "The Revcounter" Frates; "Bablaas" de Waal; Nic "The Slick" Snyman (k); Pieter "The Rose of Affies" Faure: "Gigolo" Gunter; "Slang" Pieterse; "Einstein" Naude; "Buddha" van Rensburg; "Vlam" Foster; "Shifting" Hood; "Lappies"; "Bakbeen Krullebol Abdul Gippa Kerriekoning" Fairbanks.



'n Affie



'n Gal





*"The Young and Upcoming"*

# *Sportman » « Sportvrou van die Kwartaal*



## Nastasha Crous

— Marelie du Plessis

**Natasha Crous is vyftien jaar oud en in st agt. Moet egter nie met haar sukkel nie, want sy sal jou op jou plek sit (skop?!). Natasha het Springbokkleure in karate. Sy het vanjaar tweede gekom op die Suid-Afrikaanse kampioenskappe. Sy het egter aan die senior afdeling (bo/18) deelgeneem — dit maak haar die jongste Springbok in die span. Natasha dra op die oomblik die swart gordel van die eerste dan.**

Vroeër vanjaar het die Springbokke aan 'n wêreldwye kompetisie in die VSA deelgeneem. In die individuele kompetisie was Natasha eerste in die rondte-afdeling (daar word twee rondtes van twee minute geveg en 'n wenner word dan aangewys) en tweede in die punte-afdeling (daar word geveg totdat 'n persoon 'n punt behaal het). Die Springbokke het die spankompetisie gewen.

Stroom-op het met hierdie talentvolle sportvrou gaan gesels:

**SO:** "Hoe het jy in karate begin belangstel?"

**N:** "My pa het altyd karatevideo's uitgeneem! Ek doen nou al sewe jaar karate."

**SO:** "Wat was 'n laagtepunt in jou loopbaan?"

**N:** "Toe ek die heel eerste keer deelgeneem het en 'n kind my mond oopgeskop het!"

**SO:** "En 'n hoogtepunt?"

**N:** "Toe ek 'n Springbok geword het".

**SO:** "Wie is jou inspirasie en wat is jou wenresep?"

**N:** "Ek het nie eintlik 'n wenresep nie. Ek doen maar altyd net die beste wat ek kan. My ouers inspireer my en ek motiveer myself ook baie."

**SO:** "Wat is jou toekomsplanne?"

**N:** "Ek wil graag eendag 'n karate-afrigter word".

**SO:** "Watter ander belangstellings het jy?"

**N:** "Ek speel tennis en neem deel aan atletiek. Ek hou ook daarvan om rugby te kyk.

**SO:** "As jy een wens kon hê, wat sou dit wees?"

**N:** "Dat ek die beste kan wees in alles wat ek aanpak."

**SO:** "Voel jy dat sport en kultuur balanseer in Affies?"

**N:** "Ja".

**SO:** "Het jy 'n boodskap vir die Affies?"

**N:** "Ja. Hulle moet alles wat hulle aanpak tot die beste van hulle vermoë doen.

Affies is baie trots op hierdie Springbok van hulle en wens haar alle sukses vir die toekoms toe!


## Tennis

— Amelia van der Merwe

**Al die tennisspelers sal saamstem dat die Vrydagmiddagliga die vinnige manier is om die tyd om te kry. Dit bly nog steeds lekker om die naweek op so 'n hoë noot te begin.**

Die afgelope kwartaal was 'n baie suksesvolle tennistydperk vir AHMP. Al die spanne het hulle goed van hulle taak gekwyt. Sonder die ondersteuning van die onderwyseresse, sou daar nie so 'n positiewe gesindheid geheers het nie.

Die meeste wedstryde is tuis gespeel. Al moet ons soms gou die nette met OK-sakkies heelmaak en die dennenaalde van die baan afvee, is die nog die lekkerste om op ons bane te speel. AHMP se verversings is in elk geval altyd die lekkerste! Boonop hoef ons nie in tweede rat met die geel kombi tot by Menlopark te ry nie!



*NOORD-TRANSVAAL TENNIS: Sandra Spijkerman, Amelia van der Merwe, Rene Greyvenstein.*

## Tennis — AHS

— Richard Butler


**Die tennishoogtepunt van die afgelope kwartaal was sekerlik die heringestelde jaarlikse kragmeting teen Grey-Kollege.**

**Die uitslae lees as volg: Die onder 15 eerste span wen 9-0; die tweedes wen 8-1. Bo 15 eerstes wen 5-4; die tweede span wen 5-4; die derde span wen 5-4; die vierde span verloor 4-5; die vyfde span verloor 3-6.**

Die laaste kragmeting tussen die twee skole het in 1989 plaasgevind. Affietennis is verheug oor die herinstelling van die tradisie en die feit dat AHS reeds 'n uitnodiging vir 1993 ontvang het vir kragte meet teen die spanne van Grey Kollege.

In die huidige liga staan Affies se bo-15 en onder-15 spanne sterk. Die bo-15 eerste span is onoorwonne na vier wedstryde, asook die onder-15, onoorwonne na vier wedstryde.

Daar is baie sterk en talentvolle tennisspelers onder die Affies wat bydrae tot die sukses van die Affie-tennis. Mag die tennis van krag tot krag gaan.



## Craig Franklin

— Richard Franklin

**As 'n standerd sewe Affie (1989) wat reeds in verskeie sportsoorte uitgeblink het, het Craig Franklin een aand 'n skermoefening in die saal gesien en dadelik besluit dat hy dié sport wil beoefen.**

Agtien maande later word Craig, op vyftienjarige ouderdom, bekroon as Suid-Afrika se onder twintig Sabel-kampioen. Hiermee was hy die jongste skermer sedert 1903 om hierdie titel te verower. Hy word ook bekroon as die skoolseunkampioen.

In die o/20-afdeling is Craig tot op hede onoorwonne in Sabel, behalwe vir een geveg in 1991. Hy het ook die afgelope twee jaar Transvaal en Noord-Transvaal Senior en Junior kleure verwerf en was lid van die Senior Provinsiale Span wat sedertdien elke jaar die Interprovinsiale Spankampioenskappe wen.

In 1991 is hy gekies om die Junior Springbokspan in Istanbul te verteenwoordig by die wêreldkampioenskappe. Weens politieke redes kon SA egter nie deelneem nie.

Vanjaar is hy weereens gekies vir die Junior Springbokspan se deelname aan die Wêreld Jeugkampioenskappe te Genea, Italië, maar kon weens 'n gebrek aan finansiële ondersteuning nie gaan nie.

Vir die toekoms sien Craig daarna uit om op Universiteitvlak deel te neem, en sy skermideaal is om in 1996 Suid-Afrika te verteenwoordig in die Olimpiese Spele.

**— Touché Craig**

## Nóg voëltjies vir Martin!

**Charl de Klerk**

**Martin Maritz (st 7), het weereens uitgeblink op die gholfbaan toe hy onlangs die Pretoria Buiteklub se junior en senior gholfkampioen geword het. Dit is 'n uiters gesogte titel.**

Hy het ook die afgelope Aprilvakansie besonder goed gevaar in die Suid-Afrikaanse Junior Kampioenskappe wat by Wingatepark gehou is. Vyf van die Noord-Transvaalse spanlede het onder die eerste vyftien geëindig, waarvan Martin een was.

Affies is baie trots op Martin en wens hom 'n uiters suksesvolle gholfloopbaan toe.




## *Noord-Transvaal*

*Voor vlnr: D Strydom (A-span), T Laas (B-span), JP du Plooy (A-span), T Jobe (B-span).*
*Agter vlnr: R Volschenk (A-span), P de Jager (B-span), SJ de Beer (B-span), B Odendaal (B-span), J O'Kelly (C-span). Thinus, SJ en O'Kelly moes egter die knie buig en het voor die finale proewe uitgeval.*



*Suzaan Myburgh en Liezel Vlok is tot die Noord-Transvaalse Netbalspan verkies.*



*Agter vlnr: Retha van Niekerk, Marleen Zarrabi, Elmien Vorster.*
*Voor vlnr: Stefanie Riëtte Laas, Anél van Niekerk, Tanya van Niekerk.*

## Boys High

Die tradisionele rugbywedstryd tussen Affies en Boys High was hierdie jaar nie net die hoogtepunt van die seisoen nie, maar ook die beste wedstryd tussen hierdie twee skole ooit, beweer dr Edwards, hoof van die seunskool.

Hoewel Affies negentig persent van die wedstryde gewen het, sal enige rugbyspeler erken dat Boys High se veggees byna onstuitbaar is. Die eerstespan kon byvoorbeeld net met hulle kenmerkende eindpoging die knoop deurhak, nadat hulle 0-10 met rustyd agter was.

Nog so 'n wedstryd was die o/13B-span se titaniese stryd teen 'n begeesterde Boys' High-spannetjie.

Die uitslae is:

| Span | AHS | PBHS |
|---|---|---|
| 1 | 19 | 10 |
| 2 | 20 | 12 |
| 3 | 19 | 0 |
| 4 | 17 | 0 |
| 5 | 51 | 0 |
| 6 | 36 | 8 |
| Boom | 7 | 0 |
| o/16A | 15 | 0 |
| o/16B | 32 | 0 |
| o/15A | 12 | 7 |
| o/14A | 5 | 0 |
| o/14B | 5 | 0 |
| o/14C | 22 | 7 |
| o/14D | 20 | 10 |
| o/13A | 36 | 0 |
| o/13B | 7 | 7 |
| | 323 | 61 |

Punteverhouding: 10 : 2



Typographically prepared by Wentzel Coetzer Printers, Tel 327505, and printed by **The Pretoria News** (Pty) Ltd, 216 Vermeulen Street, Pretoria. Tel 3255382.